GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DISTRIK: GAUTENG-WES

# GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN

# JUNIE 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL: 1 (TAAL IN KONTEKS)

# MEMORANDUM

GRAAD: 10

PUNTE: 80

*Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye*

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/ NEE/ EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede of motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR / ONWAAR of FEIT/ MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/ DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

| **VRAAG 1**<br>**TEKS A: TWEET** | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG | RESPONS | PUNT | DENKVLAK (Barrett) |
| 1.1 | Missy Elliot se woorde word aangehaal | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.2 | Dit is die eerste album. | (1) | *2* |
| | | | |
| 1.3 | "Southern Hummingbird" | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.4 | "feitlik oornag" | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.5 | Die leesstuk sê sy het rondgeploeter.<br>Die groep wou nie vlam vat nie.<br>Die platebase het nie hulle plate gemaak nie.<br>(Enige EEN) | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.6 | • Tweet het moed opgegee.<br>• Tweet het haar wonde by haar ouers gaan lek.<br>• Tweet wou haar droom prysgee.<br>• Tweet wou selfmoord pleeg.<br>(Enige TWEE) | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.7 | "van kleins af"<br>(DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) | (1) | *2* |
| | | | |
| 1.8 | D – Missy se oproep was onverwags. | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.9 | • Dit beteken dat jy naam gemaak het. | (1) | *4* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Jou eie etiket is om jou naam op iets te hê.<br>• Die sanger het 'n eie titel waarvoor sy bekend staan.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | |
| | | | |
| 1.10 | • Hulle het hulle eie etiket geskep.<br>• Hulle het vir Tweet 'n kontrak gegee.<br>• Hulle het nie op grootbase staatgemaak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.11 | Sy het geld belê.<br>Sy het 'n trustfonds vir haar kind geskep. | (2) | *1* |
| | | | |
| 1.12 | Ja.<br>• Hulle was van die begin af toe hulle saam begin het, vriende.<br>• Tweet kon met Missy oor alles praat.<br>• Missy het verstaan hoe Tweet gevoel het.<br>OF<br>Nee.<br>• Hulle het mekaar eers leer ken toe hulle professioneel begin sing het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | *4* |
| | | | |
| 1.13 | Lesers sou kon dink dat dit iets met sosiale media te make het. | (1) | *5* |
| | | | |
| 1.14 | Sy kon haar eie lewe of seerkry of gevoelens in haar sang beskryf. | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.15 | Ja,<br>• Missy het hard gewerk.<br>• Missy was 'n goeie luisteraar.<br>• Missy het moed gehou toe sy nie dadelik sukses behaal het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (2) | *4* |
| | | | |
| 1.16 | Figuurlik.<br>Sy het gaan troos soek/ouers se ondersteuning gaan soek.<br>(Of soortgelyk) | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.17 | • Sodat die leser kan sien hoe die sangeresse lyk.<br>• Sodat dit kan aansluit by die teks.<br>• Sodat die aandag van die leser geprikkel kan word.<br>• Mense wat nog nie van hulle gehoor het nie kan dan sien hoe hulle lyk.<br>• Dit maak die teks interessant.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | *4* |
| | | | |
| 1.18 | • Mense wat van haar muskiek hou.<br>• Mense wat van haar hou.<br>• Mense wat in haar en haar musiek belangstel<br>• Mense wat haar musiek luister.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | *3* |
| | | | |
| **TEKS B: TABEL - ALBUMVERKOPE** | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.19 | Adele | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.20 | Die lys is te lank.<br>Daar is te veel om op te noem.<br>Dis nie een persoon of groep wat op die albums sing nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | *4* |
| | | | |
| 1.21 | Vir 6 jaar het iemand uit daardie land die beste verkope gehad.<br>Vyf wen kunstenaar/albums kom van die Verenigde Koninkryk.<br>Hulle het meer wenners opgelewer as enig ande land.<br>Hulle het meer kere gewen as al die ander lande saam.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.2**2** | "globale" | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.23 | "Midnight Memories" | (1) | *3* |

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

Nasien van die opsomming

Leerders sal gevra word om die opsomming puntsgewys aan te bied.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning:
    - 7 punte vir 7 feite ( 1 punt per feit)
    - 3 punte vir taal
    - Totaal punte : 10

- Toekenning van taalpunte as leerders <u>nie woordeliks aangehaal het nie</u>:
    - 1 – 3 feite korrek: 1 punt
    - 4 – 5 feite korrek: 2 punte
    - 6 – 7 feite korrek: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders <u>woordeliks aangehaal het</u>:
    - 6 – 7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
    - 1 – 5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- Getal woorde:
    - Nasieners moet die getal woorde verifieer
    - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie of indien die getal woorde verkeerd aangedui word nie.
    - Indien die maksimum getal woorde (70) oorskry word, moet die nasiener tot by die einde van die sin waarin die 70ste woord is, lees. Die res van die opsomming word geïgnoreer.

**VRAAG 2**
**BRANDSTOFBESPARING**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT |
|---|---|---|
| 2 | 1. Maak seker dat jou banddruk reg is.<br>2. Sorg dat jou motor in stand gehou (onderhou) word.<br>3. Moenie met bagasie op die dak ry nie.<br>4. Gebruik die lugversorging so min as moontlik.<br>5. Maak jou vensters toe as jy ry.<br>6. Bestuur so dat jy betyds spoed verminder en nie skielik rem nie.<br>7. Die voetuig moenie onnodig luier nie.<br>8. Ry die kortste moontlike roete.<br>(ENIGE SEWE WENKE) | 10 |

**AFDELING C: TAAL**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 3**
**ADVERTENSIE**

| VR | MEMORANDUM | PUNT | WAT GETOETS WORD | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | kompetisie<br>(Spelling moet korrek wees) | 1 | Vorm s.nw. van ww. | 1 |
| | | | | |
| 3.2 | lekkergoed | 1 | Woordeboek-verklaring | 2 |
| | | | | |
| 3.3 | Droom (1) jy oor jou eie besigheid? (1)/Waaroor (1) droom jy?(1) | 2 | Stelsin na vraagsin | 3 |
| | | | | |
| 3.4 | Jy behoort jou kaartjie te koop. | 1 | Infinitief te+ww. | 3 |
| | | | | |
| 3.5 | voltooide | 1 | Vorm 'n sterk verlede deelwoord | 2 |
| | | | | |
| 3.6 | veertig<br>(Spelling moet korrek wees) | 1 | Skryf getal uit | 1 |
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.7 | Niemand (1) wen twee kontantpryse nie (1). | 2 | Dubbel negatief | 3 |
| | | | | |
| 3.8 | aan | 1 | Korrektevoorsetsel | 1 |
| | | | | |
| 3.9 | jong | 1 | Woordkeuse korrekte b.nw. | 1 |
| | | | | |
| 3.10 | Nelson Mandela (1) die privaatsektor (1) gevra het (1) om te help | 3 | Woordorde | 3 |
| | | | | |
| 3.11 | dadelik | 1 | Sinoniem | 1 |
| | | | | |
| 3.12 | Hulle het (1) die wedstryd baie goed beplan (1). | 2 | Verlede tyd | 3 |
| | | | | |
| 3.13 | geneem | 1 | Korrekte ww. vaste uitdrukking | 2 |
| 3.14 | waarin | 1 | Betreklike v.nw. | 1 |
| | | | | |
| 3.15 | skatryk | 1 | Intensiewe vorm | 1 |
| | | | | |
| 3.16 | joune | 1 | Persoonlike v.nw. | 1 |
| | | | | |
| 3.17 | deelnemers | 1 | Eenwoord vir die omskrywing | 3 |
| | | | | |
| 3.18 | Elke wenner sal/gaan (1) self besluit (1). | 2 | Toekomende tyd | 3 |
| | | | | |
| 3.19 | beste | 1 | Oortreffende trap | 1 |
| | | | | |
| 3.20 | • Hoofletters<br>• Groot druk<br>• Prysgeld<br>• Prente<br>• Doel vir Kinderfonds<br>• Aanhalingstekens<br>(Enige TWEE) | 2 | Advertensie-tegnieke | 4 |
| | | **[27]** | | |
| **VRAAG 4: STROKIE (ZITS)** | | | | |
| **VR** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **WAT GETOETS WORD** | **VLAK** |
| 4.1 | bv. | 1 | Afkorting | 1 |
| | | | | |
| 4.2 | leerders | 1 | Meervoud | 1 |
| | | | | |
| 4.3 | armpies | 1 | Verkleining | 1 |
| | | | | |
| 4.4 | Zits is moeg en vaak omdat hy die heelaand (1) televisie gekyk het (1). | 2 | Voegwoord groep 3. | 3 |
| | | | | |
| 4.5 | Moedeloos/gedemotiveerd/moedeloos | 1 | Eie opinie oor | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | gevoel | |
| | | | | |
| 4.6 | • Zits verwag net opvoeding.<br>• Zits verwag minder/geen huiswerk.<br>• Zits verwag dat dit lekker moet wees.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | Eie rede vir verwagting | 4 |
| | | | | |
| 4.7 | Ja.<br>• Skool maak my moeg.<br>• Ek het hopeloos te veel huiswerk.<br>OF<br>Nee.<br>• Ek weet dit is wat skool is.<br>• Ek kan nie verwag om iets te leer as ek nie ook werk nie.<br>(Enige TWEE redes of soortgelyk) | 2 | Waarde-oordeel | 5 |
| | | | | |
| 4.8 | • Om te vermaak<br>• Om 'n lewensboodskap oor te dra<br>• Om my 'n les te leer<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | Bepaal doel vir jou as leser | 4 |
| | | | | |
| 4.9 | Bevelsin | 1 | Sinsoorte | 3 |
| | | | | |
| 4.10 | klere | 1 | Spelling en woordidenti-fisering | 1 |
| | | **[3]** | | |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | | **GROOTTOTAAL:80** |

***VLAKVERSPREIDING:***

| ***VLAK 1*** | ***VLAK 2*** | ***VLAK 3*** | ***VLAK 4*** | ***VLAK 5*** |
|---|---|---|---|---|
| ***19*** | ***8*** | ***27*** | ***12*** | ***4*** |
| ***27*** | | ***27*** | ***16*** | |
| ***40%*** | | ***40%*** | ***20%*** | |

| ***Vraag 1:*** | ***Vraag 2*** | ***Vraag 3 en 4:*** |
|---|---|---|
| *Vlak 1 – 6/30*<br>*Vlak 2 – 5/30*<br>*Vlak 3 – 11/30*<br>*Vlak 4 – 6/30*<br>*Vlak 5 – 2/30* | *Vlak 3 - 10/10* | *Vlak 1 – 13/40*<br>*Vlak 2 – 4340*<br>*Vlak 3 – 16/40*<br>*Vlak 4 – 6/40*<br>*Vlak 5 – 2/40* |